# Die verantwoordelikheid van die burgerlike owerheid*

JP Oberholzer

Die Suid-Afrikaanse owerheid voer gesag oor alle mense wat binne die grense van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika woon en is dus verantwoordelik vir die veiligheid van die lewens en besittings van elke individu in hierdie gebied. Dit sluit in eerstens 'n staatsorde waarin veiligheid verseker kan word en tweedens die bevordering van die lewenskwaliteit van alle mense wat onder sy gesag staan.

## 1. DIE OWERHEID IS VERANTWOORDELIK VIR DIE VEILIGHEID VAN ALLE MENSE BINNE SY GESAGSGEBIED.

### 1.1 Wetgewing ter bevordering van 'n orde waarin veiligheid verseker kan word.

Hierdie orde moet ten doel hê dat almal 'n "rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en eerbaarheid" (1 Tim 2:2). Omdat die mens van nature sleg is, vereis die goeie orde dat die kwaad bekamp en gestraf word en dat ruimte gemaak word vir godsvrug en eerbaarheid. Omdat ook die mense wat owerheidsgesag uitoefen, van nature sondaars is, is geen staatsorde volmaak en onveranderlik nie en kan elke gegewe orde net verantwoordelik beoordeel word in vergelyking met ander sover vergelyking moontlik is, met inagneming van die besondere omstandighede in elke land.

- Ons verwerp die beoordeling van die orde in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika as een van "institusionele geweld". So 'n beoordeling ontken dat die owerheid juis die taak het om die kwaad te straf, dat hy "die swaard nie verniet dra nie" (Rom 13:4). Daar is dan ook geen owerheid ter wêreld wat nie in

* Opgestel vir opname in die agenda van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en na enkele wysigings, wat hierin verwerk is, aanvaar deur die Algemene Kerkvergadering as uitspraak. Vgl Notule van die Algemene Kerkvergadering 1983, bl 175 en Agenda, bls 360–7.

meerdere of mindere mate geweld gebruik om sy taak uit te voer nie. 'n Beoordeling van die orde in ons land as een van "institusionele geweld" sonder dat tegelyk ingegaan word op die redes vir die geweld en sonder dat bedelings elders met dieselfde heftigheid veroordeel word, maak die indruk dat dit kwaadwillig is en uit sinistiese motiewe voortkom.

- Ons verwerp die uitspraak dat die bedeling in die Republiek van Suid-Afrika sonder meer onregverdig is en dat op grond daarvan burgerlike verset in die vorm van geweld begryp en gebillik kan word en ongehoorsaamheid aan die owerheid aangemoedig kan word. So 'n uitspraak hou nie rekening met die besondere situasie in die land nie, ontken die eiesoortige samestelling van die bevolking en gaan uit van 'n staatsbeskouing wat juis die veiligheid van die mense in die land in gevaar stel. So 'n uitspraak is roekeloos en onverantwoordelik binne die bestaande situasie en pas geen Christelike kerk nie, want daardeur word die kwaad aangemoedig, die onderlinge verhoudinge tussen die volke in die land vergiftig en onsekerheid en onveiligheid bevorder.

### 1.2 Binne die staatsorde moet die veiligheid van mense teenoor mekaar verseker word.

Die sondige natuur van die mens bring mee dat hy geneig is om 'n bedreiging vir ander te wees. Die taak van die owerheid is om misdaad te bekamp en te straf. Dit geskied deur middel van strukture wat die bevoegdheid en reg het om geweld te gebruik waar dit nodig is. Tegelyk is dit die plig van die owerheid om in die orde wat hy neerlê, die minste moontlike ruimte vir misdaad te laat.

- Ons is bekommerd oor die toename van ernstige misdaad in die land, die ontoereikendheid van beskermings-, bestrydings- en regsdienste wat betref mannekrag en die hoë koste verbonde aan strafsake en siviele gedinge.
- Ons is van mening dat veel meer aandag gegee moet word aan die betrekking van plaaslike gemeenskappe by die verantwoordelikheid van die bestryding van misdaad en die handhawing van reg en orde, aan hegter verhoudinge tussen die polisie en plaaslike gemeenskappe, en aan die verantwoordelikheid van mense vir mekaar se welsyn.
- Ons verwerp enige gedagte dat in die beoordeling van misdade met politieke opset ander maatstawwe moet geld as vir ander

misdaad. Moord, sabotasie en ontvoering in die naam van politieke en ideologiese oorwegings kan deur geen mens, allermins deur mense wat voorgee om in die naam van die kerk van Christus te praat, vergoeilik word nie.

- Ons beskou die sporadiese berigte en bewering oor dood in aanhouding, moord en aanranding op gevangenes, aanranding op mense in aanhouding deur staatsamptenare en ontsnapping van misdadigers in ernstige lig en versoek die owerheid om noulettend aandag daaraan te gee. Wanneer die owerheid mense aanhou om watter rede ook al, het hy die verantwoordelikheid vir hulle veilige bewaring binne die regsorde aanvaar.

**1.3 Binne die staatsorde moet die veiligheid van volke, groepe en gemeenskappe teenoor mekaar verseker word.**

Die werklikheid in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika is, dat hier verskillende volke, groepe en gemeenskappe 'n tuiste het, elk met 'n eie aard en kultuur. Verantwoordelike regering eis dat in die orde wat neergelê word, rekening gehou sal word met hierdie werklikheid, en tegelyk met die uitgesproke wense en aspirasies van elke identifiseerbare gemeenskap. Die owerheid dra die verantwoordelikheid om 'n algemene orde te vestig waarin die wense en aspirasies van gemeenskappe in balans teenoor mekaar gehou word op so 'n wyse dat die veiligheid van die een nie ten koste van die ander verseker word nie.

- Ons beklemtoon dat hierdie verantwoordelikheid bykans onmoontlike eise aan die owerheid stel en dat die Christelike kerk met groot deernis na die owerheid in ons land behoort te kyk en vir hom behoort te bid.
- Ons verwerp die uitgangspunt dat daar verby die bestaan van onderskeibare gemeenskappe gekyk moet word en dat die bevolking bloot as 'n versameling van "mense" gesien moet word. So 'n uitgangspunt ontken die ware aard van die mens.
- Ons aanvaar die reg van die owerheid om sy gesag oor bepaalde dele van die land oor te dra aan owerhede wat ingestel is met die doel om aan volke en gemeenskappe 'n eie onafhanklike soewereiniteit te verleen.

### 1.4 Die veiligheid van mense en gemeenskappe moet verseker word teen bedreiging van buite.

Die owerheid het die taak om strukture daar te stel en te onderhou wat die lewens en besittings van sy onderdane sal beskerm teen aanslae van buite die landsgrense. Hierdie strukture sluit in diplomatieke- en inligtingsdienste en doelmatige verdediging. In hierdie taak het die owerheid aanspraak op die lojaliteit, gehoorsaamheid en diens van die mense binne sy grensgebied. Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika het reeds jare te doen met 'n aanslag van buite sy grense in die vorm van terrorisme wat deur instansies buite en binne die land aangemoedig en ondersteun word.

- Ons verwerp die uitspraak dat die bestryding van hierdie terrorisme 'n "onregverdige oorlog" is omdat dit 'n "onregverdige bedeling" beskerm. Die metodes van die terrorisme, naamlik skepping van vrees deur middel van gruweldade en sabotasie, is van so 'n aard dat geen Christelike kerk dit kan onderskryf nie. Selfs al sou daar 'n "onregverdige bedeling" heers, wat in hierdie geval 'n valse bewering is, kan terrorisme op geen wyse bestaansreg gegun word nie.

- Ons beklemtoon dat die owerheid op hierdie gebied as eerste taak het om terrorisme te onderdruk en uit te roei.

- Ons verklaar dat kerke en kerklike liggame wat hierdie terrorisme op enige wyse goedpraat of bevorder, die naam van die kerk onwaardig is en die Heer van die kerk verloën.

- Ons verwerp enige aanspraak van enige inwoner van die land om op grond van godsdienstige of gewetensbesware vrygestel te word van militêre diensplig in die stryd teen terrorisme in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. Ons weet van geen Bybelse gronde vir godsdienstige besware teen diensplig nie, maar kan begryp dat mense weens persoonlike aard of godsdienstige oortuiging kan verkies om diensplig te doen waarin direkte kontak met die vyand vermy word. Verset teen die staat en sy weermag as instellings, op welke vermeende godsdienstige gronde ook al, kan egter nie geld as motivering vir algehele onttrekking aan elke vorm van diensplig nie.

## 2. DIE OWERHEID IS VERANTWOORDELIK VIR DIE BEVORDERING VAN DIE LEWENSKWALITEIT VAN ALLE MENSE BINNE SY GESAGSGEBIED.

Onder lewenskwaliteit verstaan ons die stoflike èn geestelike voorwaardes vir 'n eerbare lewe.

### 2.1 Die vestiging en instandhouding van 'n landsekonomie waarin elke inwoner van die land wat daartoe in staat is, deur arbeid en diens 'n lewensonderhoud kan verdien in ooreenstemming met sy vermoë en 'n bydrae kan lewer tot instandhouding van die volledige staatsbestel.

Verantwoordelike landsekonomie vereis die ontginning van die volle ekonomiese potensiaal van die land en die aanwending van die opbrengs daarvan tot die voordeel van die inwoners van die land, met inagneming van die feite van ekonomiese interafhanklikheid en wisselwerking tussen lande en die noodsaak van ondernemerskap vanuit die binne- en buiteland. Dit vereis 'n ekonomiese stelsel waarin die selfsug aan bande gelê word sonder om inisiatief te demp. Terwyl elke persoon wat oor die vermoë beskik om ekonomies produktief te wees, ten volle vryheid moet hê om dit te doen, moet aan die ander kant verhoed word dat geld en besittings in die hande van 'n klein aantal beland wat gevestigde belange ten koste van ander beskerm. Die klaarblyklike onvermoë van die groot meerderheid mense in die land om ekonomies en tegnies skeppend op te tree, lê 'n ondraaglike las op diegene wat wel daartoe in staat is. Omdat hierdie onvermoë in groot mate saamval met kleurverskille, skep dit die grootste enkele bron van konflik.

- Ons beskou dit as hoogs onverantwoordelik om die armoede van 'n groot deel van die inwoners van die land toe te skryf aan die bestaande politieke bedeling. As dit waar sou wees, is die armoede in die res van Afrika onbegryplik. Diegene wat hierdie bewering maak, negeer die feit dat die ekonomiese posisie van nie-blanke en swart mense veel beter is in Suid-Afrika as in die res van Afrika.
- Ons verwerp die aanspraak op "verdeling van rykdom" in Suid-Afrika en ook elders as oplossings vir die ekonomiese probleme van die "Derde Wêreld". Naas arbeid en diens bly ekonomies- en tegnies-skeppende vermoë die fondament vir lewenskwaliteit. 'n

Blote verdeling van rykdom sonder die vermoë om rykdom voort te bring en verantwoordelik te bestuur, is op die lang duur 'n onbarmhartige en wrede daad.

- Ons betuig waardering teenoor die owerheid vir sy pogings om ekonomiese groei te stimuleer en te desentraliseer ten voordele van die armer gemeenskappe en gebiede, maar ons betreur dit dat die klein groep wat die grootste deel van die geld en middele in die land beheer, hierdie pogings van die regering nie behoorlik steun nie en selfs dwarsboom.
- Ons onderskryf die gedagte van behoorlike en gelyke besoldiging vir arbeid en diens op voorwaarde dat die arbeid en diens gelykwaardig produktief is. In hierdie lig beskou ons die subsidiëring van dienste soos onder andere vervoer en behuising as eie aan 'n oorgangsfase wat nie onbepaald kan voortduur nie.

### 2.2 Die voorsiening van onderwys en opleiding aan alle inwoners van die land ten einde die hoogs moontlike prestasie in arbeid en diens te verseker.

Onderwys en opleiding moet die toerusting verskaf vir verantwoordelike en produktiewe deelname in die volkshuishouding en moet rekening hou met bestaande toekomstige behoeftes sowel as met die eie aard en aanleg van die individu.

- Ons beklemtoon dat alles in die werk gestel moet word om die ontwikkelende gemeenskappe in die land los te maak van die beklemming van 'n bestaansekonomie, kommunale grondbesit en uitputting van natuurlike hulpbronne.
- Ons aanvaar dat gelykwaardige onderwys en opleiding vir almal beskikbaar moet wees, maar beklemtoon dat die metodiek en inhoud moet aanpas by die besondere aard van die onderskeie gemeenskappe. Wat ons betref, herbevestig ons ons aanspraak op Christelik-nasionale onderwys en opvoeding en op afsonderlike skole waar ons kinders 'n vaste fondament in ons geloofs- en kultuureie sal ontvang.
- Ons aanvaar dat die grootste behoefte aan opgeleide mannekrag op die ekonomies-tegniese gebied lê en dat onderwys en opleiding dringend hiervoor voorsiening moet maak.

### 2.3 Die behoorlike versorging van diegene wat nie in staat is om in eie lewensonderhoud te voorsien nie.

Verantwoordelike regering vereis reëlings dat die ekonomies-produktiewe element van die bevolking verantwoordelikheid aanvaar vir diegene wat nie in staat is om self 'n lewensonderhoud te verdien nie. Ons dink aan bejaardes en geestelik- en liggaamlik-gestremdes en aan onvermybare werkloosheid, maar sluit werkskuheid met klem uit.

- Ons is van oortuiging dat voorsiening op hierdie gebied bevredigend is en meen dat die vennootskap tussen die owerheid, die kerk en ander liggame goeie vrugte afwerp.

### 2.4 Die erkenning en beskerming van die huwelik en die gesinslewe as fondamente van 'n gesonde volkshuishouding.

Die beskouing oor huwelik en gesin soos hier gestel, behoef geen motivering nie.

- Ons neem met groot kommer kennis van die styging in die getal egskeidings en die gesinsontwrigting as gevolg daarvan, die neiging tot saamwoon sonder huwelik, en die toenemende sosiale aanvaarding van buite-egtelike geslagsverkeer.
- Ons deel die kommer van ander oor die uitwerking van die stelsel van trekarbeid op die huweliks- en gesinslewe van die betrokke arbeiders en die seksuele misstande as gevolg daarvan. Ons beskou dit egter as onregverdig en onbillik om die blaam hiervoor op die owerheid en die politieke beleid van die dag te plaas. Dit sou ewe onverantwoordelik wees om die oplossing te soek in opheffing van instromingsbeheer as in 'n verbod op trekarbeid. Die desentralisasie van verstedeliking, soos deur die jongste owerheidsbeleid van streeksontwikkeling voorsien, kom ons voor as 'n stap in die regte rigting, en ons betreur by herhaling die gebrek aan volle samewerking van die kant van die geldmagte in die land.

### 2.5 Die erkenning en beskerming van die eie aard en kultuur van volkere en volksgroepe.

Ons beskou die identiteit van mense as lede van volke, groepe en gemeenskappe nie as 'n toevalligheid nie, maar as 'n fundamentele

element in die menslike samelewing. Verantwoordelike regering vereis erkenning van die identiteite van volke, groepe en gemeenskappe en die skepping van ruimte vir die ontwikkeling van hulle eie aard en kultuur.

- Ons verwerp die uitgangspunt dat beleid in ons land geformuleer en toegepas moet word sonder onderskeid wat betref die aard en kultuur van mense. Dat hierdie verskille in aard en kultuur grotendeels saamval met verskil in huidskleur, beteken nog nie dat rassisme voorgestaan of bevorder word nie. Ons verwerp rassisme as 'n sondige verskynsel, maar aanvaar nie die onderskeie omskrywings van rassisme sonder meer nie. Soos "apartheid" het "rassisme" en "diskriminasie" 'n etiket geword wat na willekeur aangeplak word.
- Ons verwerp die veroordeling as "kettery" van elke vorm van inagneming van verskille in aard en kultuur onder die karikatuur-etiket "apartheid". Ons beskou 'n dergelike veroordeling as benede die morele peil wat van 'n kerk of kerklike organisasie verwag kan word.
- Tegelyk herhaal ons vorige uitsprake dat daar in die lewe van die kerk, en derhalwe ook in die samelewing waarbinne die kerk sy getuienis lewer, geen plek is vir enige optrede wat 'n medemens leed berokken nie, en dat vernederende maatreëls deur die owerheid geskrap moet word en krenkende optrede op elke vlak van die samelewing met krag teengegaan moet word.

## 2.6 Die erkenning en beskerming van die vryheid van die individu om binne die perke van die gemeenskap 'n eie lewe te voer.

Die kerk kan geen ongebonde vryheid regverdig nie. Vryheid vir die kinders van God is tegelyk volle verantwoordelikheid vir ander in gehoorsaamheid aan God. Die owerheid is verplig om die vryheid in die samelewing te bind aan die gemeenskaplike belang. Binne hierdie perk behoort die vryheid van besluit, beweging, assosiasie, ensovoorts egter soveel moontlik ruimte te hê en kan besondere beperkings slegs tydelike noodmaatreëls wees. Die owerheid het dus ook die verantwoordelikheid om morele besluite te neem en toe te pas. Aangesien binne die gesagsgebied van die Suid-Afrikaanse owerheid daar geen eenstemmigheid onder kerke bestaan oor wat moreel reg of verkeerd is nie en dit reeds vir etlike eeue die geval is, kan die

owerheid hier nie terugval op kerklike konsensus nie. Dit is 'n gegewe werklikheid dat ten opsigte van sake soos wetgewing oor die huwelik, geslagsverkeer tussen Blank en Nie-blank, onderwys, groepsgebiede, Sondagseerbieding, sensorskap, ensovoorts 'n verskeidenheid van houdings en kerklike uitsprake bestaan. Selfs oor weerstand teen Marxisme en Kommunisme is daar verskillende houdings. Die owerheid kan dit derhalwe nie vermy om self beslissings te maak nie en moet hom laat lei deur die eise wat deur sy verantwoordelikheid aan God en die veiligheid en lewenskwaliteit van al sy onderdane gestel word.

- Ons verwag van 'n owerheid waarvan die meeste lede en amptenare belydende lede van reformatoriese kerke is, beleid en toepassing van beleid wat in ooreenstemming is met die leer en lewe van die kerke en die hoë roeping van die owerheid, soos in die leer van die kerke uitgedruk, met inagneming van die besondere omstandighede en bevolkingsamestelling in die land.
- Ons is bekommerd oor die omvang van wetgewing wat die doen en late van die inwoner van die land raak. Dit kom voor of dit bo die vermoë van die normale persoon geraak het, selfs om op die hoogte te wees van alle wetgewing.